FREE STATE PROVINCE

PROVINCIAL GAZETTE

PROVINSIALE KOERANT

PROVINSIE VRYSTAAT

Published by Authority *Uitgegee op Gesag*

No. 167

BLOEMFONTEIN, 30 MARCH 2016

BLOEMFONTEIN, 30 MAART 2016

OFFICE OF THE PREMIER	KANTOOR VAN DIE PREMIER
No. 2 30 March 2016	No. 2 30 Maart 2016
It is hereby notified that the Premier has assented to the following Act which is hereby published for general information:-	Hierby word bekend gemaak dat die Premier die onderstaande Wet bekragtig het, wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:-
No. 2 of 2016 : Finance Act, 2016	**No. 2 van 2016 : Finansieswet, 2016**

ACT

To authorise certain unauthorised expenditure and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Provincial Legislature of the Province, as follows:-

(English text assented to and signed by the Premier on 30 March 2016.)

Authorising of expenditure

1. (1) The unauthorised amount of **R 39 334 548.06** set out in the Schedules which –

(a) the Provincial Public Accounts Committee recommended for authorisation by the Provincial Legislature;

(b) is more fully described in the Report of the Auditor General of South Africa on the Annual Financial Statements for the financial year 2014/15 and the Finance Act, 2015 (Act No. 2 of 2015),

is hereby authorised in terms of section 34 of Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999) in the manner set out in subsection (2).

(2) The unauthorised amounts referred to –

(a) in the second column of Schedule A, become direct charges against the Provincial Revenue Fund in the 2015/16 financial year;

(b) in the second column of Schedule B, become a direct charge against the relevant Vote and it relates to **R28 142 263.11**, which was previously enacted by Finance Act, 2015, as a charge against Vote 10, Department of Police, Roads and Transport, for the financial years 2014/15 and 2015/16, but in terms of this Act aforesaid amount of Vote 10 is included in the amount to be charged against Vote 10 for the financial year 2016/17.

Short title

2. This Act is called the Finance Act, 2016.

WET

Om bepaalde ongemagtigde uitgawes te magtig en voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie, soos volg:-

(Engelse teks deur die Premier bekragtig en geteken op 30 Maart 2016.)

Magtiging van uitgawes

1. (1) Die ongemagtigde bedrag van **R 39 334 548.06**, genoem in die Bylae, wat –

(a) die Provinsiale Komitee op Openbare Rekeninge aanbeveel het vir magtiging deur die Provinsiale Wetgewer;

(b) meer volledig beskryf word in die Verslag van die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika oor die Jaarlikse Finansiële State vir die boekjare 2014/15 en die Finansieswet, 2015 (Wet Nr. 2 van 2015),

word hiermee gemagtig ingevolge artikel 34 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet Nr. 1 van 1999) op die wyse soos uiteengesit in subartikel (2).

(2) Die ongemagtigde bedrae soos na verwys word –

(a) in die tweede kolom van Bylae A, word direkte laste teen die Provinsiale Inkomstefonds vir die 2015/16 boekjaar;

(b) in die tweede kolom van Bylae B, word 'n direkte las teen die betrokke Begrotingspos en dit hou verband met **R28 142 263.11**, wat voorheen bekragtig is deur die Finansieswet, 2015, as 'n las teen Begrotingspos 10, Departement van Polisie, Paaie en Vervoer, vir die boekjare 2014/15 en 2015/16, maar ingevolge hierdie Wet word voorgenoemde bedrag van Begrotingspos 10 ingesluit as 'n las teen Begrotingspos 10 vir die boekjaar 2016/17.

Korttitel

2. Hierdie Wet heet die Finansieswet, 2016.

SCHEDULE A

UNAUTHORISED EXPENDITURE WHICH BECOME A DIRECT CHARGE AGAINST THE PROVINCIAL REVENUE FUND

VOTE TITLE	AMOUNT AUTHORISED R
Health	11 167 113.24
Police, Roads and Transport	25 171.71
TOTAL	**11 192 284.95**

SCHEDULE B

UNAUTHORISED EXPENDITURE WHICH BECOME A DIRECT CHARGE AGAINST THE RELEVANT VOTE

VOTE TITLE	AMOUNT AUTHORISED R	FINANCIAL YEAR	CHARGE PER YEAR
Police, Roads and Transport	28 142 263.11	2016/17	R28 142 263.11
TOTAL	**28 142 263.11**		

BYLAE A

ONGEMAGTIGDE UITGAWE WORD 'N DIREKTE LAS TEEN DIE PROVINSIALE INKOMSTEFONDS

BEGROTINGSPOSTITEL	BEDRAG GEMAGTIG R
Gesondheid	11 167 113.24
Polisie, Paaie en Vervoer	25 171.71
TOTAAL	**11 192 284.95**

BYLAE B

ONGEMAGTIGDE UITGAWE WORD 'N DIREKTE LAS TEEN DIE BETROKKE BEGROTINGSPOS

BEGROTINGSPOSTITEL	BEDRAG GEMAGTIG R	BOEKJAAR	LAS PER JAAR
Polisie, Paaie en Vervoer	28 142 263.11	2016/17	R28 142 263.11
TOTAAL	**28 142 263.11**		

PROVINCIAL GAZETTE
(Published every Friday)

All correspondence, advertisements, etc. must be addressed to the Officer in charge of the Provincial Gazette, P.O. Box 517, Bloemfontein, Tel.: (051) 403 3139. Free Voucher copies of the Provincial Gazette or cuttings of advertisements are NOT supplied.

Subscription Rates (payable in advance)

The subscription fee for the Provincial Gazette (including all Extraordinary Provincial Gazettes) are as follows:

SUBSCRIPTION: (POST)

PRICE PER COPY	**R 27.00**
HALF-YEARLY	**R678.00**
YEARLY	**R1 356.00**

SUBSCRIPTION: (OVER THE COUNTER / E-MAIL)

PRICE PER COPY	**R 19.00**
HALF-YEARLY	**R 470.00**
YEARLY	**R 940.00**

Stamps are not accepted

Closing time for acceptance of copy

All advertisements must reach the Officer in Charge of the Provincial Gazette **not later than 16:00, three workings days** prior to the publication of the Gazette. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week, or if desired by the advertiser, will be inserted in the current issue as a "Late Advertisement". In such case the advertisement must be delivered to the Officer in Charge **not later than 08:00 on the Tuesday** preceding the publication of the Gazette and double rate will be charged for that advertisement.

A "Late Advertisement" will not be inserted as such without definite instructions from the advertiser.

Advertisement Rates

Notices required by Law to be inserted in the Provincial Gazette: **R29.50** per centimeter or portion thereof, single column.

Advertisement fees are payable in advance to the Officer in charge of the Provincial Gazette, P.O. Box 517, Bloemfontein, 9300, Tel.: (051) 403 3139.

NUMBERING OF PROVINCIAL GAZETTE

You are hereby informed that the numbering of the Provincial Gazette /Tender Bulletin and notice numbers will from 2010 coincide with the relevant financial year. In other words, the chronological numbering starting from one will commence on or after 1 April of every year.

Printed and published by the Free State Provincial Government

PROVINSIALE KOERANT
(Verskyn elke Vrydag)

Alle korrespondensie, advertensies, ens. moet aan die Beampte Belas met die Provinsiale Koerant, Posbus 517, Bloemfontein, Tel.: No. (051) 403 3139 geadresseer word. Gratis eksemplare van die Provinsiale Koerant of uitknipsels van advertensies word NIE verskaf nie.

Intekengeld (vooruitbetaalbaar)

Die intekengeld vir die Provinsiale Koerant (insluitend alle Buitengewone Provinsiale Koerante) is soos volg:

INTEKENGELD: (POS)

PRYS PER EKSEMPLAAR	**R 27.00**
HALFJAARLIKS	**R678.00**
JAARLIKS	**R1 356.00**

INTEKENGELD: (OOR DIE TOONBANK / E-POS)

PRYS PER EKSEMPLAAR	**R 19.00**
HALFJAARLIKS	**R 470.00**
JAARLIKS	**R 940.00**

Seëls word nie aanvaar nie.

Sluitingstyd vir die Aanname van Kopie

Alle advertensies moet die Beampte Belas met die Provinsiale Koerant bereik **nie later nie as 16:00 drie werksdae** voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat na daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week, of as die adverteerder dit verlang, sal dit in die Koerant wat op die pers is as 'n "Laat Advertensie" geplaas word. In sulke gevalle moet die advertensie aan die Beampte oorhandig word **nie later nie as 08:00 op die Dinsdag** voordat die Koerant gepubliseer word en dubbeltarief sal vir dié advertensie gevra word.

'n "Laat Advertensie" sal nie sonder definitiewe instruksies van die Adverteerder as sodanige geplaas word nie.

Advertensietariewe

Kennisgewings wat volgens Wet in die Provinsiale Koerant geplaas moet word: **R29.50** per sentimeter of deel daarvan, enkelkolom.

Advertensiegelde is vooruitbetaalbaar aan die Beampte belas met die Provinsiale Koerant, Posbus 517, Bloemfontein 9300, Tel.: (051) 403 3139.

NOMMERING VAN PROVINSIALE KOERANT

U word hiermee in kennis gestel dat die nommering van die Provinsiale Koerant / Tender Bulletin en kennisgewingnommers vanaf 2010 met die betrokke boekjaar sal ooreenstem. Met ander woorde, die kronologiese nommering beginnende met een, sal op of na 1 April van elke jaar begin.

Gedruk en uitgegee deur die Vrystaatse Provinsiale Regering